



## GENERALE MISSIE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 3/19*  
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.

**Internet:** [www.kaap-voc.org](http://www.kaap-voc.org). **E-pos/E-mail:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: [rodecb@icloud.com](mailto:rodecb@icloud.com). **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen Vrunden!*

### **Nuwe lede**

Ons verwelkom graag twee nuwe lede, en wens hulle 'n lang, gelukkige en wedersydsvoordelige lidmaatskap toe. Die eerste om aan te sluit, Dr. Kate J. Ekama, skryf soos volg: *'I am a postdoc student at the University of Stellenbosch. My research interest in the VOC period at the Cape, but more broadly in the Dutch Empire of the seventeenth and eighteenth centuries has prompted my request for membership. I completed my PhD at Leiden University last year and have now returned home to the Cape.'*

Sy het 'n honneursgraad aan UK behaal (onder Prof. Worden) en aan Leiden die MA oor die onderwerp *'Slavery in Dutch Colombo : A social history'* (onder Prof. Ross) en PhD oor *'Courting Conflict: Managing Dutch East and West India Company disputes in the Dutch Republic'*.

*'I have now returned to the Cape and have started a research postdoc in the History department at Stellenbosch, working closely with the historically inclined economists in the economics department. I have expanded my research from the seventeenth and eighteenth centuries into the nineteenth, and for my postdoc project I'm focussing on the final years of slavery in the Cape Colony. My current research is on the financial underpinnings of slavery, and the formalisation of financial institutions in the Colony precipitated by the compensation payments. My work is part of a broader project, led by Johan Fourie, called '[Biography of an Uncharted people ([www.unchartedpeople.org](http://www.unchartedpeople.org)).'*

Die tweede nuwe lid om by ons aan te sluit is Wendy Maartens. Sy skryf:

"Ek is 'n vryskutskrywer wat 22 jaar lank meestal vir gr. 3 skool gehou het. Die afgelope 12 jaar skryf ek voltyds - veral kinderboeke. Ek stel belang in geskiedenis. Kleintyd was ek die enigste een wat geduldig na al oupa se stories geluister het as hy familie uitlê. Daarom is my grootjies en oorgrootjies se foto's van my kosbaarste besittings. 'n Historiese gebou was vir my nog nooit net 'n gebou nie. Iets van elke persoon wat oor die drumpel gestap het, is steeds tussen daardie mure. Elke porseleinskerfie (veral dié met blou patroontjies) het besondere betekenis vir my en wag soos briefies op onverwagte plekke, bevestigings op vrae waaroor ek soms kop krap.

Kortom ek hou daarvan om die stories van die plekke waar ek woon en werk en wandel te leer ken. Daarom het ek ook 'n passie vir ons land se volksverhale en legendes. Karel Schoeman het verwys na die verlede as 'n ander land. Dis 'n plek waar ek graag verdwaal. Ek moet bieg - ek 'verdwaal' net so maklik van die agterdeur na die wasgoeddraad. Dis ook vir my traumaties om te sien hoe historiese geboue tot niet gaan, Ongelukkig het ek tot op hede so min geweet oor wat die opsies werklik is. Deur aan te sluit wil ek graag my kennis verbreed en stimulerende geselskap geniet van medeliefhebbers van geskiedenis.

### 'n Stigterslid tree af



Ons Stigterslid Dr Helena Scheffler het na jare van diens aan Stigting VOC uit die bestuurskomitee getree, omdat sy nou te ver uit die Kaap woon en nie vergaderings kan bywoon nie. 'n Paar woorde is gepas. Sy was lank ons ondervoorsitter en by verskeie geleenthede ook waarnemende voorsitter, met 'n eie styl om vergaderings te lei. Haar intelligensie, kennis, entoesiasme, ondernemingsgees, energie en werklus het hierdie Stigting op die been gehelp en tot hier gebring. Haar portefeulje op die komitee was 'Maritieme sake'; haar ervaring daarvan is op seilskepe op die groot see opgedoen, en al die groot maritieme museums op drie kontinente het sy geken. Net twee voorbeeldjies van haar bydrae: Dit was haar voorstelle wat tot die totstandkoming en ontwerp van ons Silwer Medalje gely het. Tweedens: Die hoofstuk van amper honderd bladsye oor skeepsbediening en maritieme bestuur in Tafelbaai, volledig, interessant, insiggewend en die beste van sy soort, in ons Stigting se boek *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795*. Sy was ook 'n lid van ons verkenners wat voor elke toer die hele roete noukeurig ondersoek het t.o.v. afstande, huisvesting, etes, kostes, tye tussen noodstoppe, ens., waarvolgens sy en dr Wium van Zyl die programme tot perfeksie uitgewerk het. Die lys gaan aan en aan. Dankie, kollega en vriend, vir jou lang en waardevolle diens aan die Stigting.

## Uitstappie: VOC-kerkhof, buitepos Simons Baaij




Die argeologiese opgrawings van wat waarskynlik die VOC-kerkhof was, langs die Kompanjie se hospitaal (die groot driegewel-gebou regs teen die heuwel, tans op die hoek van Waterfall Rd en Palace Hill Rd in die huidige Simonstad) het op 3 Junie met 'n kort gebedsdienst begin. Drie voorlopige verslae is reeds uitgereik. 'n Groot hoeveelheid geboues is opgegrawe en word nou by die Universiteit van Kaapstad ontleed, om te probeer vasstel waaraan die oorlede mense gelyk het. Reën onderbreek dikwels die werk. Vroeg in Augustus was daar ook twee osteoloë van die Universiteit van Leiden, om met die ontleding te help. Die argeoloë se permit verstreik op 31 Augustus; dan moet hulle ophou werk, en gaan die bouwerk op die perseel weer voort. Ons is deur die argeoloë genooi om te kom kyk wat hulle doen en van die VOC-oorblyfsels te besigtig, en te hoor hoe ons verder betrokke kan wees. Ek het 'n gedagte dat ons kan help om 'n gedenkplaat daar aan te bring.

Die datum **Maandag, 26 Augustus 2019** is daarvoor afgespreek. Ons ontmoet mekaar om **11:00 in Palace Hill Weg, Simonstad. Let Wel: As dit Maandagoggend reën, stel ons die besoek uit tot die Dinsdag. As dit Dinsdagoggend ook reën, stel ons dit af.** As u enigsins twyfel of ons gaan of nie, of inligting oor die roete soek, skakel my asseblief die Maandag en Dinsdag vroeg, by 082 704 9163 (dit is 'n selfoon wat in my kar woon, maar wat ek die twee dae by my sal hou.)

**Hoe loop die pad?** Wanneer u Simonstad binnery, let op die stasiegebou links van die pad. Die eerste pad daarna wat berg-op draai is Jubilee Straat. Let nou op vir die Admiraalshuis agter sy muur tussen die bome links van die pad. Die tweede pad wat berg-op draai is Waterfall / Palace Hill Rd, met die ou Studlands-gebou, 'n historiese gedenkwaardigheid op die hoek. Draai regs en ry berg-op. Die pad verdeel voor, in Waterfall Rd en Palace Hill Rd. Hou regs in Palace Hill Rd. U sien die terrein met grys skadudoek toegespan en verskeie 'Geen Toegang' tekens. Parkeer aan die linkerkant van die pad. Sien u daar.

Met die terugkeer kan die wat wil by ons gewone restaurant in Glencairn (die een met al die vlae, links van die pad) vir middagete ontmoet. Daar is onder andere eerste klas vis-en-skyfies en iets om te drink.

## Die Ontdekkingsreis van Willem de Vlamingh na die Suidland, 1696-1697



*Nyptangh      Weezel      Geelvinck*

Skipper Dirk Hartogh met die skip *Eendracht* was in 1616 die eerste Europeër om die weskus van die Suidland (Australië) aan te doen. Hartogh het 'n tafelbord van tin met die inligting oor sy besoek aan 'n paal gespyker. Die 400ste herdenking daarvan is in 2016 in Australië gevier. In 1656 het die skip *Vergulde Draeck* op dieselfde kus gestrand en hoewel verskeie soekgeselskappe uit Batavia en ook uit die Kaap gestuur is, is die oorlewendes of die wrak nooit gevind nie. In 1694 het *Ridderschap van Holland* uit die Kaap vertrek en ook op see verdwyn. Onder andere was Simon van der Stel se seun Cornelis aan boord. Ook dié skip is nooit weer gevind nie.

Die Kompanjie het in 1696 vir die laaste keer 'n soek en redding-ekspedisie na die Suidland gestuur. Die vloot onder skipper Willem de Vlamingh het uit die fregat *Geelvinck*, (regs) die hoeker *Nyptangh* (links) en die galjoot *Weezel* bestaan. Die doel was om te probeer uitvind wat van die verlore skepe en mense geword het, en vas te stel of die land enigiets oplewer wat vir die Kompanjie winsgewend sou wees. Hulle moes ook die inwoners opspoor en inligting oor die land versamel. Vir die doel moes die Kaapse goewerneur Simon van der Stel hulle voorsien van tolke wat die tale van suidelike Indonesië praat, om met die

Australiese inboorlinge te probeer kommunikeer. Die tolke was die Indonesiese bandiete Aje van Klompong, Mangadua van Makassar en Jongman van Bali. Aje kon elf tale praat, Mangadua agt en Jongman vyf.

Die skepe het die Kaap op 27 Oktober verlaat, die Suidland op 29 Desember bereik en tot 21 Februarie die volgende jaar daar gebly en die weskus gekarteer, met name soos Swaanrivier en Rotnes-eiland, name wat vandag nog bestaan. Hulle het nooit inboorlinge gesien nie, maar swart swane en geurige hout versamel en daarvan saamgeneem Batavia toe, waar die reis op 17 Maart 1697 geëindig het. Die drie tolke is met hul vryheid beloon.

### **Samewerking met die Kaapstadse Erfenistrust**

Ons Stigting is deur die Kaapstadse Erfenistrust genooi om mee te werk aan hul Oorspronklike Kuslyn-projek. Dié projek sal dit vir toeriste moontlik maak om te voet langs die gewese Tafelbaaise strand - deesdae alles sement en teer, en die see kilometers ver - te stap met 'n gehoorstuk waarop die 'storie' van 'n aantal punte van geskiedkundige belang vertel word. Ons het reeds die tekste vir vier sulke plekke geskryf en ingedien. Hulle is Roggebaai, die VOC se kaai, die pokke-epidemie van 1713 en die Seelinie. Ons logo sal gevolglik voortaan ook op die Erfenistrust se reklamestukke verskyn.

As 'n voorbeeld van die bewaringswerk wat die Kaapse Erfenistrust doen, plaas ons die volgende uittreksel uit hul Nuusbrief.



**Kanon word op affuit gelê. Foto: Scott Arendse**

*'After being buried in a trench in the central city for 200-odd years, and then left to its own devices in a back yard in the Company's Garden for a few more after it was unearthed, a rare two-ton cannon has finally been restored by hand and put on display in the garden by the Cape Town Heritage Trust. The cast-iron cannon, believed to be about 419 years old, was found by council workers who were laying electrical cables in Orange Street in 2013. It was then moved to the Company Garden where it lay, encrusted with dirt, for years until Laura Robinson, executive director of the Cape Town Heritage Trust, decided it was time to do something about it. "It's not fashionable to have colonial artefacts or buildings but somehow*

*guns and cannons are able to cross that great divide as people are fascinated by them,” she says.*

*The R40 000 restoration, for which the Trust managed to find funding (mainly from the Roland and Leta Hill Trust), was undertaken by Martin Venter of the Cannon Association of South Africa, who, assisted by his wife, sat in the blazing sun day in and day out, chipping off clay, gravel, dirt and grime until the cannon was clean. He then painted it and set about building a hard-wood base on which it could rest, as the trunnions had rusted away.*



**Laura Robinson van die Kaapstadse Erfenistrust. Foto: Scott Arendse**

*The muzzle-loading cannon, registered as Cannon Durr 980 by the Cannon Association of South Africa, is believed to have been manufactured in Sweden. Gerry de Vries of the Cannon Association of South Africa says: “It is definitely a Swedish-cast gun, probably from Finspang foundry, for the VOC or the Amsterdam Admiralty. The style of the gun, and the decorative rings, indicate it was cast in the late 1600s or early 1700s. Guns of that era in 18-pounder size are very rare and it has no exact matching partner among the 1018 cannons recorded in SA thus far,”*

*It is not known when the gun came to the Cape but it is highly likely that she was transported here on a trade ship which could carry more than 20 cannons on board. During the time the cannon was in use, the Cape of Good Hope was run by the Dutch East India Company. It would have been decommissioned in the early 19th century and used as a bollard.*

*The cannon, which was ceremonially fired on 1 April 2019, now has pride of place in the Company’s Garden next to the Cape Town Heritage Trust offices. It is in the process of being named – the trust is running a naming competition on its Facebook page, so why not throw your choice into the hat. “The cannon will serve as a form of education for the public as it tells the story of the colonial history and our society,” says Laura.*

### **Tropiese skulpe op Nederland se strande?**

De Verenigde Oost-Indische Compagnie is opgericht in 1602. Het was de eerste naamloze vennootschap én de eerste multinational, en lange tijd ook nog eens het grootste handelsbedrijf ter wereld. De Kamer Zeeland was na de Kamer Amsterdam de belangrijkste. De Zeeuwse VOC-kantoren en de VOC-werf waren in Middelburg gevestigd. Op de werf aan en achter de huidige Maisbaai zijn tot 1794 zo’n 336 schepen te water gelaten. In totaal zijn van de meer dan 2000 VOC-schepen zo’n 675 schepen vermist of vergaan, dichtbij het

vaderland of in den vreemde. Van al die verlorene schepen zijn slechts een dertigtal wrakke gelokaliseerd.

... bekende, nabije VOC-scheepsrampe is byvoorbeeld die van die *Bantam* (Kamer Amsterdam) op die rede van Vlissingen (1697) en die *Reigersbroek* (eveneens Kamer Amsterdam), die in 1738 op die Westkappelse zeedijk strandde. Aan deze en andere ongelukke herinneren vanouds tropiese ‘gast’ op die Walchiese stranden: kaurischelpies. Deze werden deur die VOC uit die Oost gehaald, en deur die West-Indiese Compagnie (WIC) gebruik om er in Afrika slawe mee te kopen. Nog in 2017 ontvang het Zeeuws Archeologiese Depot een grote hoeveelheid kauri’s, sinds die jare tachtig van die twintigste eeu verzaamel op die strandje van Ritthem. [Berig van Kamer Antwerpen ontvang.]

### **Uit die Argief**

Wat beteken die begrip ‘*ingemijn*’ in die VOC se dokumente? Dit is ’n werkwoord, verlede tyd; die taal is sewentiende eeuse Nederlands. Die woord kom soms voor in dokumente - byvoorbeeld die Dagregister - wanneer die jaarlikse verpagtings bekend gemaak word, soos: ‘die reg om koele wyn in die wyke Driekoppen en Rondebosch te tap is deur Jan Smit ingemijn’, of ‘die derde deel van die pag om vleis aan die Kompanjie te lewer is deur Jan Smit ingemijn.’ Hoe het dit gewerk?

Die pagte is gewoonlik op die laaste Donderdag van Augustus van die pui af opgeveil, waar die welgestelde ondernemers en ander belangstellendes versamel het. Veilings was openbare vermaak. Die afslaer het die item eers met ‘opslag’, dit is met stygende bedrae, opgeveil: “Wie sê dertig ryksdalers, wie sê veertig? Wie sê vyf-en-veertig?” Wanneer die hoogste bod bereik is, byvoorbeeld Rds. 350, is dit nog nie die einde van die veiling nie. Dan begin hy met ‘afslag,’ in dalende bedrae. Dit is ’n spanningsvolle proses. “Wie sê driehonderd-en-veertig ryksdalers, wie sê drie-dertig? Wie sê driehonderd, wie sê tweetagtig?” Die doel van die vrae is om te sien wie só gretig is om die pag te bekom, dat hy (of sy) bereid is om die hoogs-moontlike bykomende bedrag, byvoorbeeld Rds. 250, *benewens* die oorspronklike bod van Rds. 350 (dus Rds. 600) te betaal vir die lisensie om brandewyn, koele wyn, suikerbier of vleis aan die publiek te verkoop. Dit gebeur wanneer iemand gedurende die afslag hardop ‘*Mijn!*’ (myne) roep. Dié persoon het die pag vir die komende jaar ‘*ingemijn*.’

### **Ons brei uit**

Met die doel om ons Stigting se dienste en funksies wyer bekend te maak en uit te brei, het die Bestuurskomitee besluit om lid te word van die volgende bewaringsgroepe:

\*Vriende van die Kompanjies tuin, Kaapstad.

\*Agulhas Erfenisvereniging.

\*Durbanville Erfenisvereniging.

Die voordele daaraan verbonde is dat ons mekaar se Nuusbriewe uitruil, inligting deel en versprei en mekaar se funksies ten opsigte van bewaring en opvoeding ondersteun.

### **VOC boeke**

#### **B.Brommer: *To my dear Pieternelletje***


Bea Brommer, redaktrise van die befaamde *Grote Atlas van die VOC deel V (Kaap)*, het pas iets heel anders laat verskyn. Dit is die tienjarige korrespondensie tussen Pieternelletje van Hoorn en haar oupa, die afgetrede Goewerneur-generaal Willem van Outhoorn wat nie na Nederland terug gekeer het nie, maar in sy huis aan die Tijgergrag in Batavia bly woon het.

Pieternelletje was die dogter van Goewerneur-generaal Joan van Hoorn en sy vrou Susanna van Outhoorn. Sy is in Batavia gebore, en was twaalf jaar oud toe haar pa en sy

tweede vrou, Johanna Abrahamsdogter van Riebeeck in 1710 teruggekeer het Nederland toe. Haar stiefma Johanna het 'n interessante beskrywing van die Kaap gelaat - alles was vuil, stink en 'op sijn Hottentots.' [D.B.Bosman: *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana*. Amsterdam, 1952. ]

Vir die oorblywende deel van haar oupa se lewe, van 1710-1720, het Pieternelletje aan haar oupa geskryf; haar briewe het tussen sewe en nege maande geneem om hom te bereik. Sy het hom vertel van haar skoolopleiding, later van haar huwelik met Jan Trip, die seun van Amsterdam se burgemeester en lid van Here XVII, van hul huis aan die Heerengracht, die geboorte van hul enigste kind (natuurlik Willem gedoop), en van haar man se dood toe die seun vyf was.

Ons het al die lewensverhale van die VOC se soldate en matrose geles, van die poshouders, posvolk en hulle gesinne, en die boekhouders en klerke, maar hierdie kom diep uit die VOC se eie 'aristokrasie' - haar pa en albei haar oupas was Goewerneys-generaal - sy is daarin gebore en is in die Amsterdamse patrisiërklas getroud. Hoe was die oorgang van die Ooste na die Weste vroeg in die agtiende eeu vir 'n intelligente en skatryk kind uit die heel boonste sosiale vlak in koue Nederland? [B. Brommer: *To my dear Pieternelletje*. Brill, Leiden, 2015.]



**R. Guleij en G. Knaap (reds.): *Het grote VOC boek*.** Dit is 'n ander soort boek oor 'n gewilde onderwerp. Omtrent twaalf skrywers beskryf die persone, plekke en gebeure waaruit die VOC se rare geskiedenis saamgestel is en wat daarvan oorgebly het. Daar is volop groot gekleurde illustrasies van genoemde persone, landstreke en gebeure. Ook is daar inligting oor die dokumente waaruit die VOC se besondere verhaal getrek word; in vele Oosterse en Suid-Afrikaanse streke vorm dit die land se eerste geskrewe geskiedenis; daaraan is ook tallose persoonlike verhale gekoppel wat steeds geen einde het nie. Die bewaarde VOC- argief in Jakarta beslaan 2 500 liniêre meters, die in Den Haag 1 200 m, in Kaapstad 450 m, in Colombo 310 m en in Chennai (Indië) 64 m. Die totaal van 4 500 m is na beraming maar 'n kwart van wat tussen 1602 en 1795 deur die VOC se skrywers, van goewerneys-generaal tot assistente (klerke) geskep is. Sonderling. [R. Guleij en G. Knaap (reds.): *Het grote VOC*



boek. 205 bls., illustrasies, lys van aanbevole literatuur, beeldverantwoording. WBOOKS, Zwolle, 2019.

### **Navorsings-artikels op ons web-adres**

Deur ons webadres [www.voc-kaap.org](http://www.voc-kaap.org) te klik, vind u ook ander adresse wat beslis die moeite werd is om te ondersoek. Daar is by voorbeeld 'n uitstekende artikel te vind deur ons lid prof. Gerald Groenewald (UJ) oor die drankhandel in en om VOC-Kaapstad, wat in *Historika* (vol.57.1 Durban, Mei, 2012) gepubliseer is, en een deur prof. N. Worden (UK) oor die opspoor, verwerking en vertolking van inligting oor slawe in die Kaapse Argief, wat vroeër in *Kronos* (g.p., g.d.) verskyn het.

### **Batavia dreigt voor tweede keer te vergaan**



*Onderhoud Batavia lange tijd onderschat. Geld nodig voor redding beroemde replica.* [**Kyk op hierdie skakel om die storie insake die pragtige replika van 'n historiese Oosindiëvaarder te lees:** <https://vockamerantwerpen.be/batavia-dreigt-voor-tweede-keer-te-vergaan/>] Met dank aan Kamer Antwerpen.

### **Verjong asseblief ons bestuur**

Dit is hoogs nodig dat ons Stigting se bestuurskomitee vernuwe en verjong word, sodat ons Stigting nie oor 'n jaar of twee tot niet gaan nie, maar vir nog lank die belangrike en al meer nodige take kan uitvoer van Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme ten opsigte van die Pionierstyd van dié land se koloniale geskiedenis. Min ander organisasies verrig dié funksie, en regeringsinstansies is of onbeholpe of stel geen belang nie. Wat is nodig? Ondernemingsgees. Entoesiasme. Toewyding.

*Behouwde vaert / Selamat jalan,*

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies

====